## Institute for Ecumenical Research, Strasbourg 1994 — Crisis and challenge of the ecumenical movement: Integrity and indivisibility

WCC Publications: Geneva. 43 bladsye. Prys onbekend.

**Resensent: Dr G M J van Wyk**

### Kwantitatiewe Aspekte

Die boekie bestaan uit 'n voorwoord en drie hoofstukke, naamlik `the crisis', `the challenge' en `pilgrim ecumenism'. In die eerste hoofstuk, `the crisis', gee die outeurs 'n meer-dimensionele analise van die krisis wat die ekumeniese beweging vandag in die gesig staar. Hierdie hoofstuk is 22 bladsye lank. Die tweede hoofstuk, `the challenge', beslaan 19 bladsye en is die outeurs se reaksie op die krisisanalise wat in die vorige hoofstuk aangebied is. Die derde (kort) hoofstukkie, wat net 2 bladsye beslaan, bied 'n toekomsperspektief onder die opskrif `pilgrim ecumenism'.

Die boekie het die vorm van 'n beleidsdokument en daarom het dit nie enige aanhangsels in die vorm van registers of 'n bibliografie nie. Die boekie is kort en daar word nêrens na literatuur verwys nie (behalwe vir enkele verwysings na die beleidsdokumente van enkele ekumeniese vergaderings); daarom is aanhangsels ook nie nodig nie. Die vernaamste sleutelkonsepte van die resente ekumeniese teologie word opgeneem en aan analise onderwerp. Teologies-tegniese taal word vermy met die gevolg dat die dokument ook vir die oningewyde toeganklik is.

### Kwalitatiewe aspekte

Die dokument boei die leser wat in ekumene belangstel, reeds met die eerste sin. Die sentrale tese van die outeurs is dat die ekumeniese beweging gevaar loop om momentum te verloor of te stagneer voordat die doel waarvoor hierdie beweging in die lewe geroep is bereik word. Die skrywers is van mening dat die ekumeniese beweging se identiteit in 'n voortdurende (her)opname van die doel van die beweging gevind moet word. Hierdie doel meen hulle is deur Christus voorgeskryf en die ekumeniese beweging moet altyd daarna strewe om dit te verwesenlik. Die doel is die sigbare eenheid van die kerk. Die skrywers tref egter 'n onderskeid tussen ekumeniese motivering en die ekumeniese doel. Oor ekumeniese motivering sê hulle: `Ecumenical efforts can have many motives; but in the end only one motive can carry the ecumenical movement and give it constancy and force: faith in the promise and call of Jesus to his own, "that all may be one" (Jn 17:21). Here lies the chief motive, to which all others must orient themselves' (bl 28). Die ekumeniese doel word weer beskryf as `the unity which Christ gives us and to which he simultaneously calls us is a "fully committed fellowship"' (bl 30). Die skrywers formuleer hulle kommer oor 'n krisis in die ekumeniese beweging in die lig van die ekumeniese doel soos volg: `If koinonia, a



Digitised by the University of Pretoria, Library Services

"fully committed fellowship," is the ecumenical goal, then the ecumenical movement must reject all tendencies that are satisfied with the achievement of preliminary stages of unity' (bl 30).

Die outeurs wys op 'n hele aantal sake wat daarop dui dat die ekumeniese beweging wel gevaar loop om ontydig vroeg te stagneer, sodat die doel nie bereik word nie. Die sake wat hulle in hierdie verband ter sprake bring is:

* 'n tevredenheid by die deelnemers oor wat reeds bereik is;
* die deelname van meer rolspelers aan die beweging laat spanning in die beweging toeneem (die Derde Wêreld-kerke se deelname aan ekumene het klemverskuiwings binne die beweging tot gevolg gehad);
* 'n groeiende konsensus binne die beweging stomp die deelnemers af vir nuwe gedagtes;
* die sterk bande wat die beweging met gevestigde kerke het, maak die beweging minder beweeglik;
* geloof en lewe word nie as 'n eenheid in die beweging hanteer nie;
* onbuigsaamheid ten opsigte van legitieme verskille is by deelnemers te bespeur;
* die deelname van vroue, jongmense en gestremdes maak die beweging minder invloedryk;
* lokale ekumene bots dikwels met die ekumene van kerkleiers.

Die skrywers is van mening dat die ekumeniese beweging nie noodwendig lamgelê hoef te word deur die genoemde probleme nie. Die ekumeniese beweging kan as 'n eenheidsbeweging die genoemde probleme te bowe kom, mits die doel van die beweging in die oog gehou word en die motivering vir ekumene suiwer bly: `The integrity of the ecumenical movement lies in its being moved and borne by faith in the Christ who desires the unity of his own and in its pursuit of the visible unity of the church, in the service of the mission of Christ' (bl 27). Die skrywers is daarom van mening dat daar nie daarvan sprake hoef te wees dat daar nou reeds van die ekumeniese paradigma in die teologie afskeid geneem word nie, want die ekumeniese beweging is aanpasbaar genoeg om die probleme wat tans bestaan, te bowe te kan kom (bl 41).

In tye van krisis sal die geestelike diepte van die ekumeniese beweging aan die lig kom. Die beloftes van Christus is groter as enige krisis. Die beloftes van God is altyd groter en reik altyd verder as dit wat nou reeds bereik en vervul is. Daarom moet die kerk — en die ekumeniese beweging — altyd onthou om vanuit die paradigma van die eksodus te dink: die volk van Israel is altyd weer uit gevangenisskap oppad na die beloofde land toe. `A journey under the promise, a journey in which we preserve out of thankfulness for what has already been given and confidence in what is yet pledged — that is the ecumenical movement to which we are called' (bl 43).

Hoewel die boek as 'n dokument bedoel is wat nadenke binne die ekumeniese beweging wil stimuleer, kan die Afrikaanse kerke wat so lank reeds van hierdie bewegig geïsoleerd is, ook met vrug kennis neem van die inhoud van hierdie dokument, omdat dit ons weer opnuut konfronteer met ons belydenis van een heilige algemene kerk. Die dokument kan ons weer stimuleer om na te dink oor die toestand waarin ons eie ekumeniese arbeid verkeer.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services